

Maandag 29 April

Skrifgedeelte: 22:1-21	Openbaring	Fokusgedeelte: 22:16 (1933/53- ertaling)	Openbaring
----------------------------------	-------------------	---	-------------------

Die Een uit die hemel is die beloofde Een!

Daniël 7:13, 14 verkondig die aanbreek van die Messiasryk waarin ons nou reeds deel, waarvan ons die volheid met die tweede koms van die “Een uit die hemel” (sien 28 April) sal beleef.

Hierdie “Een uit die hemel” is die een wat tydens sy omwandeling op aarde beloof het dat Hy weer sal kom (Joh. 14:18, 28), maar dat Hy eers na sy Vader moes gaan, wat dan ook gebeur het met sy hemelvaart. Die boek Openbaring het dit dan juis oor hierdie “Een uit die hemel” se “*weer kom*” na hierdie wêreld en dit wat hierdie koms voorafgaan.

Openbaring 22:16 bind egter die rede vir hierdie “*weer kom*” verder terug as bloot tot die belofte van Johannes 14:18, 28, maar verkondig in Jesus se eie woorde dat Hy ook die “beloofde Een” van die Ou Testament is, die vervulling van God se Messiaanse beloftes. Die volgende aansprake deur Christus in die spesifieke vers maak dit duidelik:

- “*Ek is die wortel, die geslag van Dawid*” dui op die Ou-Testamentiese profesie waar die Messias aangedui word as die een uit die nageslag van Isai (Jes. 11:1) wat dan ’n banier vir die volke sal wees (Jes. 11:10). Jesus proklameer nou (Op. 22:16) dat dit Hy is, die beloofde Krygsman-Messias, die ware nakomeling van Dawid waarvan in die Ou Testament geprofeteer is.
- “*Ek is die blink môrester*” dui weer op die Ou-Testamentiese profesie van die Messias as die een wat die waarborg is van God se nuwe môre (Num. 24:17), waarmee Jesus nou aankondig dat Hy in sy persoon ’n aanduiding is van God se volmaakte bedeling wat sal aanbreek, die bedeling waarin ons in volle saligheid sal lewe.

Wonderlik, die Een uit die hemel is die beloofde Een, en dit tot ons heil en redding!

Sing: Psalm 146-1:4

Ds. HJP de Beer (Hendrik) (Magol/Koedoesrand)